# **HOËRSKOOL** OVERBERG **HIGH SCHOOL**

Brief aan die ouers / *Letter to the parents*

2 Julie / July 2021

Geagte Ouers / *Dear Parents*

Die bekende wêreld, waar ons begin leer het om saam met COVID-19 te leef, het nou weer skielik verander. Ons is uit die vertroude milieu van 2021 in 'n totaal nuwe wentelbaan van die onbekende geplaas. Ons wil u as ouers en die gemeenskap egter verseker dat HS Overberg die leerder se akademie en gesondheid altyd eerste sal stel. In hierdie uiters moeilike tyd wat tydens die piek van die pandemiegolf vir ons voorlê, moet ouers, leerders en onderwysers hande vat tot voordeel van elke leerder in die skool.

*I hope that you and your families are all still well or getting better and managing to keep safe. As we are at the end of the term and in view of the recent announcements from the Government, I want to provide you with an update.*

*However, I want to start off by thanking all our parents for your support during the last 9 weeks. In this time 7 teachers at different times were in isolation and one teacher tested positive and is getting well at home. There were also 32 learners in isolation and six positive learners during this time. I am particularly appreciative for everything that you have done to support learning from home. The attendance registers of the learners for term 2 is below. In brackets you will see the absenteeism for term 1. These were our absentee percentages:*

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Grade 8* | *1.2 % (5%)* | *Grade 9* | *1.7 % (6.3%)* |
| *Grade 10* | *4.1 % (8%)* | *Grade 11* | *2.3 % (8.4%)* |
| *Grade 12* | *1.2 % (7.7)* | | |

Baie dankie aan al die ouers vir die verbetering van die aanwesighede van die leerders vir kwartaal 2. Ons moet die afwesighede tot die minimum beperk. Kontak vir mev. Marlise Coetzee by admin@hsoverberg.com as 'n leerder afwesig gaan wees.

HS Overberg het vroeg in die jaar die besluit geneem dat die skool teen 100 % kapasiteit sal funksioneer. As gevolg van dié besluit, saam met die goedkeuring wat die skool ontvang het om die gr. 12-oefeneksamen te skryf en die assesseringstydperke wat amper voltooi is, is ons leerders in lyn met hulle akademie en die kurrikulum vir 2021. Ongelukkig, as gevolg van die direktiewe van die Departement van Basiese Onderwys, moes die skool op kort kennisgewing, Woensdag 30 Junie, sluit. Ek is baie jammer vir enige ongerief vir die reëlings wat op 'n laat stadium getref moes word. Ons het die direktief laat ontvang en het dit

so vinnig as moontlik gekommunikeer. Ons is jammer vir die leerders wat die dag reeds studeer het, maar die leerders sal nog die vrugte vir hulle harde werk pluk.

*Overberg High School begins on Monday, 19 July according to the new Level 4-COVID directives. We shall begin with Day 7 on the Monday and then follow Day 1 to 4 for the first week. The learners will write the exam subjects that they missed on 1 and 2 July, on Monday and Tuesday 26 and 27 July.*

| | **Gr. 12** | **Gr. 11** | **Gr. 10** | **Gr. 9** | **Gr. 8** |
|---|---|---|---|---|---|
| 26 Julie | LBW | RTT | ENG | NW/BIO | AFR |
| 27 Julie | LW V1 | FW<br>LTEG<br>GAS | REK | WISK | GESK |

As die skoolheropeningsdatum verander, sal ons die datums aanpas soos verlang en dit met u kommunikeer. Ons is reeds gereed om vanaf 19 Julie met aanlynklasse te begin as die inperkingsvlak of heropeningsdatum soos in 2020 verskuif word.

Baie dankie vir al die ouers wat hul skool- en koshuisrekeninge getrou betaal. Daar is ongelukkig nog steeds heelwat ouers wat nie hul finansiële verpligtinge nakom nie. Indien u probleme ondervind, moet u 'n e-pos stuur na teresa@hsoverberg.com om 'n reëling te tref. Ouers wat kwartaalliks by die koshuis betaal, word herinner dat die volgende betaling voor of op 19 Julie moet plaasvind.

*Please feel free to contact me hoof@hsoverberg.com or on 084 777 1190, if you need any support. In the meantime, may my very best wishes accompany you and your families for a safe, happy and restful half-year break.*

**AD ALTIORA ALTYD HOËR**

Johan Jacobs
Skoolhoof